



**Seisoen van die
Skepping 3**

EERSTE EUCHARISTIESE GEBED VIR SEISOEN VAN DIE SKEPPING

Mag die Here met u wees
En ook met u

Verhef u harte
Ons verhef hul tot die Here

Laat ons die God van die hele Skepping
loof en prys
**Ons sing tot die Skepper met liedere
van die skepping**

Laat ons God die Skepper, Minnaar en
Onderhouer van die heelal dank
**Laat ons ons verbly in ons Skepper,
Onderhouer en Versoener.**

Mag die Here met u wees
En ook met u

Verhef u harte
Ons verhef hul tot die Here

Laat ons die Here onse God dank
Dit is paslik om U te dank en te loof

óf

God van krag en mag, U het die Woord gespreek en alles in die hemel en op die aarde, alle dinge, het tot stand gekom. U Gees het gesewe oor die primitiewe elemente en U het lewe in ontelbare vorme voortgebring, ook hierdie brose aarde met ons onder haar bewoners.

Soos ons verlede in U is, so rus ons hoop vir die toekoms op U.
Soos ons van U weg afgedwaal het, so keer ons weer terug na die warmte van U liefde.
Deur U word alle dinge tot nuwe lewe gebring.

Die Gepaste Sin volg hier

Nou met die hele skepping verhef ons ons stemme om die heerlijkheid van u naam te verkondig:

**Heilig, heilig, heilige Heer
God van krag en mag
die hemel en aarde is vol van u heerlijkheid.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.**

In die nag toe Jesus verraai is het Hy brood geneem en U gedank. Hy het dit gebreek om met ons te praat oor Sy liggaam wat aan die Kruis gebreek is. Hy het die brood aan Sy vriende gegee en gesê: "Neem en eet, dit is my liggaam wat vir julle gegee is. Doen dit tot my gedagtenis."

Jesus het toe die wyn geneem en U gedank. Hy het dit geskink om met ons te praat oor die uitstorting van Sy bloed. Hy het die wyn aan Sy vriende gegee en gesê: "Dit is my bloed van die nuwe verbond wat vir julle en die hele skepping uitgestort is tot vergifnis van sondes. Elke keer as julle van die wyn drink, doen dit tot my gedagtenis."

So verkondig ons die verborgenheid van die geloof

**Christus het gesterwe
Christus het opgestaan
Christus kom weer.**

Daarom, terwyl ons onthou die versoening van die hele skepping, wat moontlik gemaak is deur die dood en opstanding van onse Here Jesus Christus, offer ons aan U hierdie brood en hierdie wyn.

Laat sy volmaakte offer ons met U, en met mekaar, en met die hele skepping versoen. Maak ons bedienaars van U versoenende liefde deur U genade krag.

In Christus het lewe, wat eens gebroke, uitgestort en begrawe is, weer opgeskiet. Gee dat, terwyl ons in vertroue wag op die wederkoms van Christus, die nuwe lewe en versoening wat Hy vir ons gegee het, lewendig mag bly. Heel wat gebroke is, herstel wat uitgestort is en vernuwe die hele skepping in die opstanding van Jesus Christus.

Ons vra U om u Lewegewende Gees, wat eers oor die woeste waters gesweef het, neer te stuur op hierdie brood en wyn, en op ons en die hele skepping, ontroer in ons dit wat skeppend is en verlos ons van dit wat vernietig.

Verenig ons in die liggaam van u Seun, deur Hom, met Hom en in Hom, in die eenheid van U Skeppings Gees, met alles wat was, is, en sal wees in U heelal, staan voor U en aanbid ons U, die God van almal en alles, met liedere van ewige lof:

Seën en eer en heerlikheid en mag sy aan U in alle ewigheid. Amen

DIE HERE SE GEBED

Soos Christus ons geleer het sê ons vrymoediglik

**Ons Vader wat in die hemele is
laat u Naam geheilig word
laat u koninkryk kom
laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie
maar verlos ons van die bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en
die heerlikheid tot in ewigheid. Amen**

DIE BREKING VAN DIE BROOD

Ons neem hierdie brood om te deel in die skepping van God en om, deur Christus, ons eenheid in die skepping te toon.

**Ons wat baie is, is almal een skepping
want ons deel almal in die liefde van die Skepper.**

DIE UITNODIGING NA DIE KOMMUNIE

Skepper God, ontmoet ons in hierdie brood en wyn en wees met ons op ons toekomsreis, dat ons en die hele skepping weer die storie van die Lewe kan ervaar, en alles wat bestaan, mag lewe om U naam vir ewig te loof en groot te maak. Mense van God, kom nader in geloof en reis ver in genade.

DANKSEGGINGSGEBED

-kan gebruik word gedurende enige van die weke

God van almal, ons loof en dank u, dat U ons in u Seun ontvang en huis-toe gebring het,

toe ons nog ver van U verwyderd was.
 Lewend en sterwend, het Hy u liefde verkondig,
 vir ons genade betoon en die poort van glorie geopen.
 Mag ons, wie deel in Christus se liggaam, Sy Verrese lewe openbaar;
 ons, wie drink uit Sy beker, lewe bring aan andere;
 ons, wie verlig word deur die Gees, lig bring aan die wêreld.
 Hou ons standvastig in die hoop wat U vir ons gegee het
 sodat ons en al U mense bevry sal word,
 en die hele aarde sal lewe om U naam te loof;
 deur Jesus Christus onse Here. **Amen**

WEEK EEN: RENTMEESTERSKAP

Hierdie week kyk ons na die bronne van die Aarde en toon ons dankbaarheid daarvoor. Ons erken dat ons geroep is om die Aarde te bewerk en te versorg.
 Die altaar kan versier word met groente, vrugte en plante en die Sondag Skool kan plakkate maak oor die prag van die Aarde.

Inleidende Sin:

“Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed”.

Belydenis:

Kyk na al die maniere waarop ons gefaal het om na God se skepping om te sien: besoedeling, afval, wangebruik, ens.

VOORGEBED

Here God,
 Skenker en Onderhouer van die lewe,
 U roep ons tot verantwoordelikheid en om na U skepping om te sien:
 Help ons om te reageer op U oproep om bewaarders en genesers van die Aarde te wees
 Deur Jesus Christus onse Here, Amen.

Genesis 1 : 26-31 en Gen 2: 1-15	God het Adam en Eva in die tuin geplaas om die Aarde te bewerk en daarna om te sien
Psalm 24	Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan. Dit is nie ons besitting nie.
Handelinge 17:24- 28	Ons Skepper God is die Here van hemel en Aarde. Die Aarde is gevul met die teenwoordigheid van God, nie net die kerk gebou nie.
Mattheüs 21:33-46	God die landheer laat ons Sy wingerd gebruik- sal ons ook wees soos die huurders wie die hele oes vir hulleself wil hou?

WEEK TWEE: WATER

Hierdie week roep ons in herinnering dat water kosbaar is, ons dink ook na oor die gebrek aan water sekerheid in ons samelewing.

Die altaar kan versier word met bakke vol water.

Aan die einde van die diens kan die gemeente besprinkel word met water in herinnering aan ons Doopbeloftes.

Die Sondag Skool kan die optog lei uit die Kerk as 'n teken dat hulle die mees onlangs gedoop is.

Inleidende Sin:

Die stroom van God is vol water

Belydenis:

Ons bely die kere wat ons water vermors en besoedel het, en dit nie as kosbaar beskou het nie, en ook die kere wat ons hulle vergeet wie nie toegang het tot skoon water en sanitasie nie.

VOORGEBED

Here God,

Deur water openbaar U vir ons die eienskappe van U Gees

Verdiep in ons 'n groot respek vir U waters van die lewe

Dat ons die gawe van U lewe gewende Gees ten volle mag drink

Deur Jesus Christus onse Here

Amen

Jeremia 2: 1-13	Ons het God se lewende waters verwerp en gedraai na afgode van materialisme – en so vernietig ons die aarde
Psalms 107:33-38	Die water van die lewe bring seëning en voedsel vir die hongeres
Hebreërs 10: 19-25	Die reinigende krag van God se water
Mattheüs 3: 13-17	Jesus is gedoop in die Jordaan rivier – wat beteken dit vir ons dat ons deur die water deel geword het van die familie van God?

WEEK DRIE: GROND

Ons bring dank vir die grond wat ons voedsel voorsien, ons erken die pyn van diegene wie hul grond verloor het en ons betreur die vernieting van grond deur misbruik.
Vars gebakte brood kan vandag gebruik word in die diens.
Die kinders kan prente teken van diegene wie die grond bewerk en van die diere en die plante wat daarop groei.

Inleidende Sin:

“Ek het julle gebring in ‘n land van tuine, om die vrugte en die goeie daarvan te eet” (Jer 2:7)

Belydenis:

“Maar toe julle inkom, het julle my land verontreinig en my erfenis ‘n gruwel gemaak”. (Jer 2:7)

Ons bely die wyse waarop ons die grond misbruik het: die oormatige gebruik van pesbestryders, kunsmatige bemestingstowwe, oorweiding, vermorsing, ens.

VOORGEBED

Here God,
U sorg vir grond en dier en vreemdeling
En roep ons tot eenvoud en ‘n jubeljaar
Open ons harte en verstand vir die wysheid van U weë
Dat die aarde mag herlewe
En die hele skepping sy volheid kan vier
Tot verheerliking van U naam
Amen

Eksodus 23: 10-13	Die grond moet braak lê om te herstel. Ons moet ook voorsiening maak vir die armes en wilde diere.
Psalm 65: 1-13	Die prag van die aarde openbaar die heerlijkheid van God
Jakobus 5:4-14	God hoor die geroep van die plaaswerkers wie uitgebuit word
Mattheüs 20: 1-16	God is besorgd oor die behoeftes van die werker

WEEK 4: VERMORSING

Rommel kan by die deur van die kerk geplaas word soos die mense inkom.
Die jeug en Sondag Skool kan plakkate oor rommel maak
Hou ná die diens 'n opruimings aksie van die kerkgronde en die straat voor die kerk.
As kerk kan 'n verbintenis gemaak word om weg te doen met die gebruik van weggooi plastiek.

Inleidende Sin:

Jesus het gesê: Maak die brokstukke bymekaar wat oorgesiet het, sodat niks verlore gaan nie. (Johannes 6:12)

Belydenis:

Dink na oor al die afval, rommel en plastiek wat ons weggooi. Hoeveel voedsel vermors ons?

VOORGEBED

Here God,
U versamel die brokstukke sodat niks verlore gaan nie
Maak ons bewus van ons agtelosigheid en vermorsing
En leer ons om te deel uit die oorfloed in ons midde
Deur Jesus Christus onse Here. Amen

Jesaja 24: 1-13	Daar is gevolge vir ons optrede – hoor die weeklaag van die Aarde weens ons vermorsing
Psalm 74: 1-23	God is die Skepper en ons moet die Skepping beskerm teen vernietiging
2 Korinthiërs 5: 14 - 17	Net soos ons 'n nuwe skepsel is in Christus – glo ons in 'n nuwe skepping en vernuwing van die Aarde. Ons moet mense wees van hoop. Verandering is moontlik!
Johannes 6: 1-15	In die voeding van die vyf duisend sien ons Jesus se beginsels aan die werk: almal is gevoed, daar is geen vermorsing nie, en die oorskiet word gegee aan dié wie dit die nodigste het.

WEEK 5: BIODIVERSITEIT (ST FRANCIS)

Vandag vier ons die prag van die skepping
Die Sondag Skool kan prente teken van God se skepping en dit rondom die Altaar plaas
Diere kan ook geseën word
Die jeug kan 'n drama opvoer wat gebaseer is op die lewe van St Francis (hoe sy lewe in moderne tye daar mag uitgesien het)

Inleidende Sin:

“Want alles wat deur God geskape is, is goed “(1 Tim 4; 4, 5)

Belydenis:

Ons dink na oor die baie skepsels en spesies wat in gevaar is. Ons dink ook ná oor ons boerdery praktyke, veral battery boerdery. Laat ons die uitroep van God se skepsels hoor

VOORGEBED

Here God,
U ewige krag word gesien in die hele web van die lewe
U stem word gehoor in die prag van die skepping.
Geanker in U liefde, mag ons U aanbid saam met al U skepsels
Deur Jesus Christus onse Here
Amen

Numeri 22: 22-35	God spreek deur 'n donkie
Psalm 104: 1-30	God voorsien voedsel vir alle diere, selfs vir dié wat ver weg van die mens is
Kolossense 1: 15-23	Alle dinge is deur Christus geskape en alle dinge (nie net mense nie) word gered deur Christus
Lukas 6: 43-49	Goeie bome sal goeie vrugte dra. Die natuur kan ons leer oor ons geestelikheid.

Translated by Fr Eben Pretorius